Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2018

DRAMATIESE KUNSTE NASIENRIGLYN

PUNTE: **150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 42 bladsye.

ALGEMENE RIGLYNE VIR NASIENERS/ONDERWYSERS:

1. Kandidaat moet na die Dramatiese Kunste-teorie verwys asook kontekstualisering volgens die toneelstuk wat bestudeer was. Volpunte kan nie gegee word tensy die kandidaat insig toon in die teorieë van die vak nie. Die antwoorde moet dissipline-spesifiek wees. Gebruik Wat, Hoekom en Hoe met verwysende voorbeelde uit die teks.

2. Maak duidelike regmerke om die tipe kennis/vaardigheid/toepassing/insig wat getoets word aan te dui. Nasieners moet interaktief met die antwoorde omgaan.

3. Hoofnasieners moet die rubriek met die nasieners fasiliteer. Die vlak-beskrywers van Dramatiese Kunste moet as leiding vir die puntetoekenning gebruik word.

4. Hou gereëlde besprekings om seker te maak die bepunting is gestandaardiseerd.

5. In die geval waar ŉ kandidaat meer skryf as die aanbevole hoeveelheid woorde, mag daar nie gepenaliseer word nie (opstelvraag).

6. Die antwoorde in die nasienriglyn is ŉ voorstel en bevat nie al die moontlike antwoorde vir ŉ vraag nie. Nasieners moet dit in gedagte hou en moet oopkop wees vir kandidate se antwoorde en seker maak dat verskillende leerstyle van onderwysers nie die kandidaat nadelig raak nie.

7. Spandeer die eerste dag om die kwaliteit en kwantiteit van die voorskrifte in die nasienriglyn te ontleed en te standaardiseer asook om definisies en konsepte wat algemeen aanvaar word te kry.

8. Nasieners moet Breë Onderwerpe en Onderwerpe met spesifieke vrae verbind.

9. Die voorgestelde antwoorde is meestal hoër as die vlak wat meeste kandidate op graad 12-vlak kan bereik en moet gesien word as ŉ algemene hulpmiddel vir nasieners.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: 20STE EEUSE-TEATERBEWEGINGS

VRAAG 1: 20STE EEUSE-TEATERBEWEGINGS

Onderwerp	12.1: 20ste Eeuse 'ismes' 12.3 Absurde of Epiese of Postmoderne Teater 12.4 Toneelteks 1: 20st Eeuse Teaterbewegings, Epiese of Absurde of Postmoderne teater					
Kognitiewe moeilikheidsvlak	Analiseer, Evalueer, Skep					
Bevelswerkwoord	Bespreek, Evalueer, Skep					
Verduideliking van bevelswerkwoord	Om te bepaal, beoordeel, oorweeg die beduidenis, waarde, doel, waarde van iets deur versigtige evaluering en die studie met die doel vir begrip, interpretering of leiding					
Kompleksiteit van die Denkproses	Metakognitief					
Vlak van Kompleksiteit/Probleemoplossing	Baie moelik					
Rubriektipe	Uitgebreide gekonstruktrueede reaksie					
Gewigstoekenning van punte	**Laag**	9	**Middel**	12	**Hoog**	9

Gehaltevlak	Punte-toekenning	Gehalte van bewyse
Kundige	**Punt** **24–30**	Die antwoord dui toepassing van 'n redelike strategie aan wat lei tot 'n korrekte oplossing in die konteks van die probleem. Die prosedurevoorstellings/-uitbeeldings is korrek. Die verduideliking en/of regverdiging is logies gegrond, duidelik aangebied, volledig ontwikkel, steun die oplossing, en bevat geen belangrike konseptuele foute nie. Die antwoord toon volledige begrip en ontleding van die probleem.
Gemiddeld en Bogemiddeld	**Punt** **15–23**	Die antwoord dui toepassing van 'n redelike strategie aan wat tot 'n korrekte oplossing in die konteks van die probleem kan lei van nie lei nie. Die gebruik van inhoud/vaardigheid is essensieel korrek. Die verduideliking en/of regverdiging is oor die algemeen goed ontwikkel, moontlik en steun die oplossing. Die antwoord toon duidelike begrip en ontleding van die probleem.
Behaal	**Punt** **11–14**	Die antwoord dui onvolledige toepassing van 'n redelike strategie aan wat tot 'n doelgeskikte korrekte oplossing kan lei van nie lei nie. Die gebruik van inhoud/vaardigheid is fundamenteel korrek. Die verduideliking en/of regverdiging steun die oplossing en is aanvaarbaar. Die antwoord toon 'n konseptuele begrip en ontleding van die probleem.
Swak	**Punt** **1–10**	Die antwoord dui min of geen toepassing van 'n redelike strategie aan nie. Dit kan die korrekte antwoord bevat of nie. Die gebruik van inhoud/vaardigheid is onvolledig en ontbreek. Die verduideliking en/of regverdiging toon ernstige beredeneringsgebreke. Die antwoord toon minimale begrip en ontleding van die probleem.
Nie Behaal Nie	**Punt** **0**	Die antwoord is heeltemal verkeerd en irrelevant. Daar is moontlik geen antwoord, of die antwoord is: 'Ek weet nie.'

Die volgende inhoudsaanduiders dien as `n riglyn:

Die kandidaat moet:

- Hierdie vraag in die vorm van ʼn opstel beantwoord
- Die toneelteks wat hy/sy bestudeer het, as voorbeeld gebruik
- Na een van die drie bewegings: Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater in jou antwoord verwys
- Na die Bron in sy/haar antwoord verwys
- Demonstreer dat die vraag en bron in sy/haar opsel geanaliseer, verstaan en geïntergeer was

Dien inhoud van die opstel moet die volgende dek:

1. EEN gekose teaterbeweging:
   - Teater van die Absurde OF
   - Epiese Teater OF
   - Postmoderne Teater
2. Toneelteks bestudeer
3. Vraag
4. Bron

Nasienersnota:

- Kandidate moet toon dat die bogenoemde verstaan en krities analiseer en in die opstel toegepas is.
- Kennis wat gememoriseer is, moet in ʼn oorspronklike argument gekontekstualiseer word wat feitlike, kontekstuele, prosedure- en metakognitiewes denke toon.
- Gebruik die rubriek op die volgende bladsy om met die assessering van die opstel te help.

KATEGORIE	PUNTE	DIE KANDIDAAT DEMONSTREER DIE VOLGENDE:
Uitstaande Metakognitiewe Kennis Skeppend	**27−30** **90−100** **A+**	• Denkproses: Verwerk feitelike, konseptuele, proses en metakognitiewe kennis in die vraag. Kwoteer op ʼn uiteenlopende, interpretatiewe, kreatiewe en oorspronklike wyses. • Evalueer voorbeelde in die toneelteks, die teaterperiode en ander bronne binne ʼn uitgebreide reeks van teatrale, praktiese en estetiese inhoud met insig uitgekies. • Ontwerp en skep ʼn argument op ʼn unieke en nuwe patroon wat dui op ʼn reaksie van kreatiewe , kritiese en analitiese denke. • Kognitiewe vlak: demonstreer die vaardigheid om te kan skep, herorganiseer, sintetiseer, ontdek, hernu, verander, uitbrei en te verbeter.
Baie goed Metakognitiewe Kennis Evalueer	**24-26** **80-89** **A**	• Denkproses: Assesseer feitelike, konseptuele, proses en metakognitiewe kennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die vraag. Kwoteer op uiteenlopende, interpretatiewe, kreatiewe en interessante wyses. • Assesseer voorbeelde in die toneelteks, die teaterperiode en ander bronne binne ʼn beduidende reeks van gepaste gekose teatrale, praktiese en estetiese inhoud. • Stel ʼn argument saam op ʼn interessante patroon wat dui op ʼn reaksie van kritiese en analitiese denke. • Kognitiewe vlak: demonstreer die vaardigheid om te kan oordeel, kritiseer, aanbeveel, rapporteer, evalueer, voorspel, uitdink, en voor te stel.
Goed Prosedurale Kennis Analiseer	**21-23** **70-79** **B**	• Denkproses: Analiseer, sien en verken feitelike, konseptuele en prosedurale kennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die vraag. • Analiseer/dissekteer voorbeelde in die toneelstuk, die teaterperiode en ander addisionele bronne binne ʼn breë reeks van gepaste gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud. • Stel ʼn argument saam wat dui op ʼn kritiese en analitiese denke. • Kognitiewe vlak: demonstreer die vermoë om te kan analiseer, suggereer, konsepte te dekonstrueer, onderling te verbind, toeskryf, ontdek.
Redelik Prosedurale Kennis Toepassing	**18-20** **60-69** **C**	• Denkproses: Analiseer, en herken feitelike, konseptuele en prosedurale kennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die vraag. Kwoteer deur te onderskei en te interpreteer • Integreer voorbeelde uit die toneelstuk teks, die teaterperiode en ander addisionele bronne binne ʼn breë reeks van gepaste gekose teoretiese, praktiese en estetiese inhoud. • Stel ʼn argument wat dui op analitiese denke. • Kognitiewe vlak: demonstreer die vermoë om te kan interpreteer, onderling te verbind, as voorbeeld te hou, klassifiseer, opsom, vergelyk en te kan verduidelik.

Kopiereg voorbehou

KATEGORIE	PUNTE	DIE KANDIDAAT DEMONSTREER DIE VOLGENDE:
Voldoende **Konseptuele kennis** **Verstaan**	**15–17** **50–59** **D**	• Denkproses: Verduidelik, interpreteer en herfraseer feitelike kennis in die vraag en bron en integreer die vereistes van die vraag. Kwoteer onderskeidend. • Interpreteer voorbeelde uit die toneelteks, die teaterperiode en ander addisionele bronne binne ŉ algemene reeks van voorspelbare teoretiese, praktiese en estetiese inhoud. • Stel ŉ argument wat dui op analitiese denke. • Kognitiewe vlak: demonstreer die vermoë om te kan interpreteer, af te lei, as voorbeeld te hou, opsom, vergelyk en te kan verduidelik.
Matig **Konseptuele kennis** **Onthou**	**12–14** **40–49** **E**	• Denkproses: Verduidelik en interpreteer feitelike en konseptuele kennis in die vraag, bron en inhoud en integreer die vereistes van die vraag en kwoteer onderskeidend. • Verduidelik voorbeelde uit die toneelteks, die teaterperiode en ander addisionele bronne binne ŉ nou reeks van teoretiese, praktiese en estetiese inhoud. • Skryf ŉ verduideliking binne ŉ reeks van voorspelbare/algemene denkprosesse. • Demonstreer die vermoë om te kan interpreteer, af te lei, as voorbeeld te hou, klassifiseer, opsom, vergelyk en te kan verduidelik.
Elementêr **Feitelike kennis** **Onthou**	**10–11** **30–39** **F**	• Denkproses: Verduidelik en pas onlogiese en onrelevante kennis uit die geheue en integreer die vereistes van die vraag. Kwoteer op ongekompliseerde/logiese en fundamentele manier • Selekteer voorbeelde uit die toneelteks, die teaterperiode en ander addisionele bronne binne ŉ nou reeks van teoretiese, praktiese en estetiese inhoud. • Skryf ŉ verduideliking binne ŉ reeks van voorspelbare denkprosesse. • Demonstreer ŉ elementêre vermoë om probleemoplossing toe te pas te identifiseer, te lys, identifiseer en definieer
Nie behaal nie **Feitelike kennis** **Onthou**	**1–10** **20–29** **G**	• Denkproses: Verduidelik en pas onlogiese en onrelevante kennis. Demonstreer ŉ beperkte en basiese vermoë om die vereistes van die vraag te vervul. • Selekteer voorbeelde uit die toneelteks, die teaterperiode en ander bronne. • Skryf ŉ verduideliking binne ŉ basiese reeks van denkprosesse buite die konteks.. • Demonstreer ŉ beperkte vermoë om te identifiseer, te lys, te identifiseer, definieer, interpreteer en te onderskei. Kognitiewe Vlak:
Nie behaal nie **Feitelike Kennis** **Onthou**	**0** **H**	• Demonstreer geen begrip van die vraag of bron, kan nie ŉ opstel skryf nie, gee geen voorbeelde van die teks of die teaterperiode nie. OF • Gee ŉ paar feite wat nie betrekking op die vraag het nie OF • Onvermoë om te identifiseer, te lys, te identifiseer, definieer OF • Gee slegs gememoriseerde informasie wat nie die vraag antwoord nie.

BELANGRIKE PUNTE VIR DIE MERK VAN DIE OPSTEL:

In samehang met waarna verwys word rakende al die kennis en vaardighede wat in die rubriek uiteengesit is per beskrywer, let asseblief op die volgende:

Een korrekte feitelike stelling oor die teaterstyl of die toneelstuk is nie gelyk aan een punt nie. Oorweeg versigtig die denkproses en kognitiewe vlak van die kandidaat wat betrokke is by die bespreking in geheel. ʼn Opstel wat slegs uit feitelike stellings oor die toneelstuk en die teaterstyl bestaan val hoogstens in die Elementêre beskrywingskategorië (30%–39%).

Opstelle wat bepunt word in die Baie Goeie en Uitstaande Beskrywingskategorië (80% en hoër) moet al die kennis en vaardighede insluit wat in die rubriek uiteengesit is en moet ook ʼn beskrywing van die sosio-politiese konteks van die moderne en 20ste eeuse-wêrelde insluit. Die sosio-politiese konteks word in die vraag geïmpliseer vir hoër orde kognitiewe vlak antwoorde.

Die volgende inhoud waarna die kandidate behoort te verwys is uit die *Via Afrika Graad 12 Leerdersteksboek* en ander bronne geneem. Dit kan gebruik word as ʼn algemene hulpmiddel om die inhoud van die opstel te assesseer en as verdere bronmateriaal vir studie.

ABSURDE TEATER

Sosio-Politiese konteks

- Na die Tweede Wêreldoorlog het mense ʼn desperate behoefte gehad om sin uit die geweld en chaos (gruwels van die Nazi konsentrasiekampe) van die oorlog te maak
- Wetenskap het gefaal om sosiale oplossings te verskaf
- Vernietegendekrag van die atomiese bom – mensdom kan homself uitwis
- Vrae oor rede en die mensdom se rasionaliteit
- Mense voel ontnugter, uitgeput en verlate
- Mense het geloof in God en tegnologie verloor
- Teater fokus op die basiese menslike kondisie
- Gevoelens van hulpeloosheid en futiliteit in ʼn wêreld wat blyk geen doel het nie

Filosofie/20ste eeuse –ismes
Invloedryke denkers/filosowe van die tyd:

Eksistensialisme

Die hoofvraagstuk van hierdie filosofie is die betekenis van ons bestaan, wat gesien word as onlogies, doelloos, arbitrêr en wreed.

Ons bestaan omdat ons bestaan – daar is geen vooruitbestemde plan nie en na die lewe word ons almal stof – daar is geen bewyse van die hiernamaals se bestaan nie. Dit maak die lewe in die huidige moment baie belangrik omdat die huidige al realiteit is waarop ons kan staat maak.

Friedrich Nietzsche (1844–1900) het eerste beweer 'God is dood'. Hy het daarmee bedoel dat mense se verhouding met God verbroke was, en dat God so goed as dood was.

Jean-Paul Sartre het gesê dat 'Die mens is gedoem om vry te wees'': verdoem ook omdat ons nie onsself geskep het nie. Ons is in die wêreld ingewerp en is verantwoordelik vir alles wat ons doen. Dus voel mense vervreemd in ŉ wêreld sonder betekenis, en hierdie gevoel van vervreemding ontwikkel desperaatheid, verveling en ŉ gevoel van absurditeit. Hy het nie geglo in ŉ sisteem van absolute moraliteit waaraan ons moet strewe nie. Ons is geskape as vry individue en hierdie vryheid verdoem ons om keuses dwarsdeur ons lewens te maak. Feite en gebeurtenisse in die lewe het alleen betekenis omdat ons betekenis daaraan koppel. ŉ Handeling is daarom slegs immoreel omdat ons gekies het om dit so te noem. Ons keuses is betekenisvol. Ons moet ons eie waardes vind en daarvolgens handel – en dan die gevolge daarvan aanvaar. In eksistensialistiese filosofie, word dit 'outentisiteit' genoem.

Albert Camus was die eerste teoretikus wat die term 'Absurd' met betrekking tot die menslike bestaan gebruik het. Hiermee bedoel ons dat menslike wesens belaglike kreature is, nie in harmonie met hul omgewing nie. Die term druk die groot leemte tussen ons strewes en die betekenislose heelal waarin ons bestaan uit. Ons probleem is om ons eie pad en ons eie waardes te vind in ŉ wêreld van chaos. Hy vestig die idee van solipsisme – ŉ geloof dat ŉ mens slegs jouself kan ken. Camus het geglo dat mense die berusting om die wêreld in terme van logika en rede te beskryf verloor het na die Tweede Wêrldoorlog. Die moderne wêreld maak geen sin nie. Mense is ook afgesny van mekaar deur gebrek aan kommunikasie.

Camus se idees is opgesom in ŉ opstel *Die Mite van Sisyphus* (1942), waarin hy die lot van die mens beskryf deur die Griekse mite oor Sisyphus, wat die gode kwaad gemaak het en toe verdoem is om ŉ groot rots teen ŉ bult uit te stoot, net sodat dit weer afrol sodra hy bo kom. Hy het hierdie aksie van blykbaar doellose herhaling gesien as dieselfde as die bestaan in ŉ naoorlogse samelewing

Absurde karakters

- Verteenwoordigend van die mensdom eerder as ŉ poging om realistiese karakters op die verhoog te skep.
- Oordrewe kwaliteite
- Situasies word meer intens uitgebeeld
- Geen karakteragtergrond nie – hulle het geen verlede nie en daar is min verwysing na hul toekoms
- Hulle word nie geoordeel vir wie of wat hulle is nie maar eerder vir wat hulle doen
- Karakters is ŉ middel vir die dramaturg om sy gedagtes oor die mensdom uit te druk.
- Karakters kom gewoonlik in pare/komiese pare voor. Wedersydse afhanklike karakters soos byvoorbeeld Vladimir (brein) en Estragon (lyf) wat saam ŉ enkel menslike wese voorstel of Genet se karakters wat dikwels ŉ baas-slaaf verhouding vorm.

Ander Absurde Teater konvensies/gebruike

Handelingstruktuur (Plot)

Die handeling van Absurde Teater volg nie tradisionele strukturele vorms nie. Daar is geen eenheid van handeling, tyd en plek soos in die weerspieëling van die samelewing in tradisionele teater nie. Handeling, tyd en plasing is ontwrig ten einde ŉ disharmoniese wêreld te reflekteer. Dramaturge gebruik ŉ sirkulêre, episodiese struktuur wat die afwesigheid van progressie tot ŉ logiese resolusie beklemtoon. Alle gebeure is ewe betekenisvol en die enigste resolusie is die onafwendbare oomblik van die dood. Die struktuur gee die gehoor ŉ ervaring van ŉ sinlose lewe in ŉ betekenislose wêreld deur óf ŉ sirkulêre patroon te volg óf ŉ spiraalpatroon wat tot futiliteit lei. Daar is min uiteensetting en dit is asof daar niks gebeur nie. Die klimaks word uitgestel. Karakters verwyl die tyd met sinnelose aktiwiteite soos sirkusagtige hansworsery, musikale komedie kwinkslae, herhalende dialoog, klug en onsuksesvolle pogings om die heelal te verstaan.

Taal/Dialoog

- Onvermoë van taal om die gaping tussen mense te oorkom
- Taal is onpersoonlik, outomaties en betekenisloos
- Betekenislose gesprekke
- Stiltes/pouses
- Nuwe woorde word geskep wat mense se pogings om met mekaar te kommunikeer reflekteer. Hierdie pogings is gedoem om nie te slaag nie.
- Banale alledaagse gesprekke wat met liriese taal, woordspeling, clichés, sleng en herhalings gemeng word
- Skielike veranderings in taalstyle en atmosfeer
- Stychomythia – ŉ vinnige uitruil van dialoog
- Kragtige toesprake af en toe
- Herhaling

Optree-ruimte

Verhoog gebruik om die leegheid van die eksistensialistiese wêreld te reflekteer waar mense geïsoleerd in hul omgewing voel.
Die verhoog word ŉ metafoor vir die wêreld self.
Die verhoogruimte fokus die aandag op die temas en simboliese betekenis eerder as die eksterne realiteite van die lewe.
Beckett se leë verhoogruimtes reflekteer die onderdrukkende leegheid van die karakters se lewens.
Ionesco se toegestapelde verhoogruimte het dieselfde effek van onderdrukkende leegheid (van siel). ŉ Deurmekaar ruimte wat steeds betekenisloos is.

Kopiereg voorbehou

EPIESE TEATER

Sosiopolitieke konteks

Brecht

- In 1918 is Brecht opgeroep as ŉ mediese assistent in die Eerste Wêreldoorlog en het die daaglikse slagting en leiding van mense gesien.
- Brecht was sterk gekant teen die politieke magte wat ontelbare menslike lewens opgeoffer het vir wat hy geglo het kapitalistiese ekonomiese welvaart was.
- Brecht het die konflik tussen mense se spirituele strewes en hulle fisiese realiteite en animalistiese natuur erken.
- Na die Verdrag van Versailles, het Duitsland in erge ekonomiese probleme verval.
- Die Russiese revolusie in 1917 is gevolg deur die verskyning van Karl Marx se teorieë.
- Marxisme het vir Brecht ŉ wetenskaplike siening van die wêreld en sterk politiese geloof gegee.
- Hy het onnadenkende geloof in patriotisme teengestaan asook die waardes van die bourgeois-samelewing en het die idee van ŉ uiteindelike klassestryd, waarin die proletariaat sosiale rewolusie sou bring, ondersteun.

Filosofieë/20ste eeuse –ismes
Invloedryke denkers/filosowe uit die tydperk:

Marxisme is op Hegeliaanse dialektiek gebaseer wat beskryf kan word as 'die naasbestaan van teenoorgesteldes, die vermenging van tesis en antitesis, die feit dat orde nie deurdink kan word sonder wanorde nie – met ander woorde, dinamiese dubbelsinnigheid'. Dit het vir Brecht die essensie van drama geword, omdat dit gewys het dat die menslike lewe nooit staties is nie, maar altyd ontwikkelend bly.

Alle oorsake, gevolge en verhoudings is dinamies, en sluit aanhoudende konflik en teenstrydighede in. Teenstrydige magte trek ŉ persoon, familie of samelewing in teenoorgestelde rigtings, wat uiteindelik beweging, ontwikkeling of verandering meebring.

In die vroeë 20ste eeu was die artistieke wêreld betrokke in ŉ rebellie teen die romantiek en naturalistiese style, en bewegings soos Dadaïsme, kubisme, surrealisme en ekspressionisme was gekant teen naturalisme en realisme.

Ekspressionisme is eers gebruik deur onderskeidelik die Nederlandse en Franse skilders Van Gogh en Gauguin wat gewerk het in ŉ ander styl as die Impressionistiese skilders. Dit het gefokus op die kunstenaar se emosies eerder as die voorwerpe wat hierdie emosies opgewek het.

In drama, verwys dit na die beweging wat begin het in Duitsland om en by die tyd van die Eerste Wêreldoorlog. Dit het die gevoelens van ontevredenheid met die gesag en die materialisme wat met die oorlog geassosieer is, vasgevang. Ekspressionisme het sarkasme en satire gebruik om die ontwikkelende industrialisasie en materialisme aan te val.

Die ekspressioniste het geglo dat daar geen absolute waarheid is nie, maar dat fundamentele waarheid gevind kan word binne die mensdom – sy siel, begeertes en visioene – en uiterlike realiteit moet hervorm word totdat dit in harmonie met hierdie interne eienskappe gebring kan word. Hulle het geglo dat onder die sosiale fasade daar ŉ ryk realiteit versteek lê wat uit geheime en onbewuste begeertes, konflikte, frustrasies en hallusinasies bestaan. Dit is hierdie subjektiewe realitiet wat die ekspressioniste wou ondersoek.

Die doel van die Ekspressionistiese skrywers was om die innerlike gevoelens en ervarings van die karakters bloot te stel, eerder as die uiterlike realiteit waarin hulle bestaan het. Die fokus was op die reis van die siel van die hoofkarakter, dus is die normale orde van gebeure en die eenheid van tyd, plek en handeling ontwrig om ŉ verhoogde effek te skep.

Epiese karakters

- Karakers verteenwoordig ŉ universele tipe soos kleinboere of soldate as ŉ sosiale agtergrond en milieu vir meer geronde karakters soos Grusha, Shen Te, Moeder Courage en Kanna in *Kanna Hy Kô Hystoe*.
- Karakterontwikkeling is nie van minder belang as in Epiese Teater nie.
- Daar is geen voor die handliggende held vir die gehoor om mee te identifiseer nie.
- Die karakters is slagoffers van ŉ sosiale en politiese sisteem en faal nie as gevolg van hul eie keuses of vrye wil of hul eie slegte oordeel nie.
- Karakters word voorgestel as eensydig en verteenwoordigend
- Karakters lyk of hul produkte van hul sosio-politiese plasing is.
- Akteurs gebruik gestus (wys hul houding) eerder as om hul gevoelens uit te druk
- Karakters sluit die psigolosiese uit – gevoelens word ekstern gemanifesteer.

Ander Epiese Gebruike/Konvensies

Handelingstruktuur

Die epiese toneelstuk is gekonstrueer as ŉ montage van onafhanklike gebeure (episodes wat in hulself ŉ geheel vorm), wat Brecht geglo het kon teenoorgesteldes op so ŉ manier verbind sodat dit mense kan ‘skok’ sodat hulle tot nuwe herkennings en insig kan kom. In *Kanna Hy Kô Hystoe* word die struktuur ŉ montage deur die ongekonstrueerde koppeling van belangrike momente, gebeurtenisse en gesprekke in die lewe van die familie. Volgens die teks se aanduidings ‘praat die karakters oor afstande, jare, drome en die dood’.

In ŉ episodiese struktuur word die episodes verbind met tematiese koorde, wat Brecht wou gehad het sy gehoor moet konfronteer, oordink, debateer en oor reflekteer. Die gehoor kon ooreenkomste tussen die verlede en die hede maak.

Brecht se toneelstukke was gestruktureerd volgens Marxistiese dialektiek: argument, botsing en konfrontasie. Die tesis-antitesis struktuur van ŉ argument kan gevind word in die struktuur en plasing van die tonele. Brecht het verwys na die ‘gest’ van elke toneel – die goedgedefinieerde handeling en doel.

Die volgorde van gebeure bestaan om ŉ besliste argument te vorm waarby ŉ politiese les geleer kan word. Brecht het beslis dat sy toneelstukke wetenskaplike eksperimente is wat menslike optrede ondersoek om te sien watter morele oortuigings hulle beïnvloed, en of daar ŉ moontlikheid is vir verbetering.

Historifikasie

Historifikasie (die plasing van die stuk op ŉ plek in die verre verlede weg van die gehoor se realiteit) dra beduidend by om die gehoor krities te hou oor waarna hulle kyk, terwyl dit hulle toelaat om ooreenkomste met die huidige waar te neem. Hy wou gehad het die gehoor moet ŉ objektiewe afstand ervaar sodat hulle kon deelneem in ŉ alternatiewe besluitnemingsproses. Historifikasie verwys nie net na die historiese milieu van die aksie nie, maar ook die geografiese plasing.

Verfremdungseffekt

Verfremdung partymaal vertaal as 'vervreemding' of 'alienation' (distancing) maar beteken letterlik om vreemd te maak) is ŉ baie belangrike Brechtiaanse term. Die vervreemdingseffek (of V-effek) verwys na die manier waarop Brecht te werk gegaan het om te verseker dat die gehoor se empatie onderbreek word sodat hulle krities kan bly oor die gebeure waarna hul kyk.

POST-MODERNE TEATER

Sosio-Politiese konteks

- Post-modernisme het sy verskyning begin maak in die midde-1980's en is ŉ eklektiese beweging, wat baie verskillende idees en sienings insluit.
- In die 20ste eeu was daar ŉ vervaging van die grense tussen die verskillende dissiplines, en ook tussen 'hoë' en 'lae' kultuur. In Post-Modernisme verdwyn die verdeling tussen genres en dissiplines geheel en al. Die idee van elite-kuns word op neergesien en kunstenaars hersirkuleer populêre kultuur.
- Modernistiese kunswerke bekla die betekenlose en die onlogiese, en sien die fragmentering van geskiedenis as tragies. Post-Modernisme, in teenstelling, vier die chaos van die kontemporêre lewe, verwelkom onsin en absurditeit, en skep ŉ gevoel van pret, speelsheid en ironie.
- In die Modernistiese era het radikale teater geëksperimenteer met die wegbreek uit die verwagte norme. Post-Moderne teater, in teenstelling, verwerp die idiologieë en sekerhede van die Moderne era.
- In Amerika, word die hoofstroomteater verteenwoordig deur Broadway, terwyl Off-Broadway-teater meer eksperimenteel is. Die Off-Off-Broadwayteaterbeweging is deur kunstenaars ontwikkel wat grense wou breek omdat hulle ontevrede was met die hoofstroom, wat nie kanse wou waag nie. Heelwat werk wat nou gesien word as Post-Modernistiese toneelstukke kom uit hierdie gees met die toets van nuwe teatermoontlikhede.
- As die wêreld om ons verander, en wetenskaplike ontdekkings voortgaan, tegnologieë vermeerder, en globale kapitalisme en verbruikerisme (consumerism) lyk of dit buite beheer raak, moet dramaturge nuwe maniere vind om die chaos en verandering wat hulle om hulle waarneem uit te druk.

Kopiereg voorbehou

Filosofieë/20ste eeuse -ismes
Invloedryke denkers/filosowe van die periode

Die term 'post-modern' het in die filosofiese leksikon in gebruik gekom met die publikasie van Jean-Francois Lyotard se *La Condition Postmodern* in 1979 (Die Postmoderne Kondisie: ŉ Verslag oor kennis. 1984).

Een van die temas in postmoderne filosofie is ŉ ontkenning van die universele, objektiewe waarheid. Dit word duidelik verklaar in Jean-Francois Lyotard se stelling 'onvergenoegdheid teenoor meta-vertelling' (incredulity towards metanarrative). ŉ Meta-vertelling verwys na ŉ verenigende verhaal wat ten doel het om te verduidelik hoe die wêreld is – met ander woorde ŉ meta-vertelling is ŉ wêreldbeskouing. Lyotard stel voor dat ons skepties moet wees oor sulke wye verduidelikings. Byvoorbeeld, die stelling 'Want so lief het God die wêreld' is onsin vir Postmoderniste oor twee redes: (1) hulle ontken die bestaan van God, en (2) stellings wat die hele wêreld insluit (meta-vertellings) is onmoontlik.

In die eeu van rekenaars het kennis verander na informasie, dit is, gekodeerde boodskappe in ŉ sisteem van uitsaai en kommunikasie. Ons bly in ŉ wêreld waar ons gebombardeer word met boodskappe en informasie en ons vermy dit om slegs een absolute waarheid oor die wêreld waarin ons leef te aanvaar.

Postmodernisme is ŉ herhaling van die moderne as die 'nuwe', en dit beteken die ewigdurende verwagting vir nog ŉ herhaling. Sam Shepard se toneelstukke is gevul met karakters van die mitiese landskap van Amerika: helde, rock-sterre en cowboys. Hy kombineer storievertelling met eksperimentele vorme. Sy toneelstukke blyk realisties te wees, maar dit is eerder soos ŉ raamwerk vir stories wat die postmoderne kondisie van Amerika ondersoek.

Sy teaterstyl word gekenmerk deur monoloë met ŉ hallusinerende kwaliteit, dialoog wat bizar en somtyds nagmerrie-agtig is. Die taal is veronderstel om die gehoor te dra na momente van verhoogde bewussyn toe. ŉ Ander noemenswaardige aspek van sy werk is sy gebruik van 'pastische': hy gebruik beelde uit pop-kultuur en stel hulle in teenstelling met karakters op die verhoog voor.

Post-moderne karakters

- Gebruik van karakters wat gewoon is en nie uitsonderlik nie.
- Karakters kan psigologies realisties wees met geloofwaardige motiverings.
- Karakters kan fragmentaries wees, losse verteenwoordigings van idees.

Post-Moderne konvensies

Pastiche: Die gebruik van verskeie idees uit vorige skryfwerk en litirêre style en hulle saamvoeg om nuwe style te vorm.

Intertekstualiteit: Die gekrediteerde gebruik van ŉ vorige letterkundige werk in ŉ ander letterkundige werk.

Metafiksie: Die aksie van skryf oor skryf of om lesers bewus te maak van die fiktiewe aard van die spesifieke fiksie wat hulle besig is om te lees. In teater word dit meta-teater, die bewusmaak van die gehoor dat hulle slegs na ʼn toneelstuk kyk.

Temporale Distorsie (Tydsgebrokenheid): Die gebruik van nie-liniêre tydsverloop en vertellingstegnieke in ʼn storie.

Minimalisme: Die gebruik van karakters en gebeure wat alledaags is en onmerkwaardige karakters.

Maksimalisme: Ongeorganiseerde, lang, hoogs gedetailleerde skryfstyl.

Magiese Realisme: Die gebruik van onmoontlike of onrealistiese gebeure in ʼn vertelling wat andersins realisties is.

Faksie: Die vermeng van feitelike historiese gebeure met fiktiewe gebeure sonder om duidelik uit te wys wat feitelik is en wat fiktief is.

Leserbetrokkenheid / Gehoorbetrokkenheid: Dikwels deur direkte aanspreek van die leser/gehoor en die ope erkenning van die fiktiewe/nie ware eienskap van die gebeure wat beskryf word.

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960–1994)

VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR BARNEY SIMONS, PERCY MTWA EN MBONGENI NGEMA

2.1 2.1.1

Onderwerp	10.11: SA-Teater, Werkswinkel Teater 12.5: SA-Teater (1960-1994)					
Kognitiewe moeilikheidsvlak	Onthou					
Bevelswerkwoord	Noem					
Verduideliking van bevelswerkwoord	Identifiseer, Spesifiseer en noem by die naam					
Kompleksiteit van denkproses	Feitlik					
Vlak van Kompleksiteit/Probleemoplossing	Maklik					
Rubriektipe	Opstel					
Gewigstoekenning van punte	Kort spesifieke antwoord					
	Laag		**Middel**		**Hoog**	1

Werkswinkel metode. (1)

2.1.2

Onderwerp	10.11: SA-Teater, Werkswinkel Teater 10.8: Teks interpretasie					
Kognitiewe moeilikheidsvlak	Analiseer					
Bevelswerkwoord	Bespreek					
Verduideliking van Bevelswerkwoord	Skryf volledig oor die onderwerp, neem verskillende kwessies, idees of verwante menings in ag of oorweeg dit					
Kompleksiteit van denkproses	Prosedure					
Vlak van Kompleksiteit/Probleemoplossing	Moeilik					
Rubriektipe	Kort uitgebreide antwoord					
Gewigstoekenning van punte	**Laag**	1	**Middel**	2	**Hoog**	3

Nasieners moet met diskresie merk. Die volgende is ŉ riglyn:

Met betrekking tot die werkswinkelmerkmetode, 'Vryheid met Interpretasie' kan verwys na die volgende:

Een punt vir ŉ eenvoudige antwoord en DRIE punte vir ŉ goedgemotiveerde antwoord:

- Elke lid van die groep kan ewe veel analiseer en bydra tot die skep van die produksie sonder vrees oor hul posisie in die produksie as geheel.
- Idees kan kollektief wees in plaas van een persoon wat analitiese besluite sonder die toestemming van die span maak.
- Elke idee wat deur spanlede voorgestel word is onderhewig aan analise en kritiek deur die groep.
- Om oop-kop te wees in die benadering van die repetisieproses.
- Om in staat te wees om die besluite wat vroeër geneem is te verander gebaseer op nuwe ontdekkings.
- Om in staat te wees om die produksie te vorm op jou eie manier terwyl jy repeteer.
- Om vrylik te analiseer en dinge te verander sonder vrees oor wie jy in die produksie is. (3)

2.1.3

Onderwerp	10.1 Inleiding na Drama 10. Verhoogkonvensies 11.11 Gestroopte Teater 12.3 Epiese Teater 12.5 SA Teater (1960–1994) Toneelteks *Woza Albert!*					
Kognitiewe moeilikheidsvlak	Analisering					
Bevelswerkwoord	Verduidelik					
Verduideliking van bevelswerkwoord	Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur meer volledig te beskryf of feite en informasie te gee Gee 'n rede om te regverdig of te verduidelik ('n aksie/handeling van gebeurtenis)					
Kompleksiteit van denkproses	Konseptueel					
Vlak van Kompleksiteit/Probleemoplossing	Gemiddeld					
Rubriektipe	Analisering					
Gewigstoekenning van punte	**Laag**	0–1	**Middel**	3–6	**Hoog**	7–8

Oorweeg die volgende riglyne **(Verwys na AANHANGSEL A).**

Ken punte toe vir VIER verskillende aspekte wat bespreek is of TWEE goedbespreekte aspekte.

Die tradisionele handeling (plot) vir toneelstukke lyk gewoonlik so:

- Uiteensetting/Eksposisie plaas die situasie. Die skrywer stel die karakters en die ruimte voor en gee 'n omskrywing en agtergrond.
- Die komplisering ook genoem die motoriese moment, is 'n enkele gebeurtenis wat die hoofkonflik in beweging sit.
- Die Ontwikkeling bou die storie en dit word meer opwindend.
- Die Klimaks is die moment van grootste spanning in die storie.
- Die afloop gebeur as gevolg van die klimaks en ons weet die storie staan einde se kant toe.
- Die resolusie is wanneer die karakter die hoofprobleem/-konflik oplos of iemand dit vir hom/haar doen.
- Denouement (Frans: die ontknoping van die aksie): is die reeks gebeurtenisse wat volg op die plot se klimaks. Dit is die teenoorgestelde van die uiteensetting, deurdat dit enige oorblywende vrae of onduidelikhede wat nog oorbly na die resolusie deur die karakters opgelos word of deur die dramaturg verduidelik word.

Partymaal laat die dramaturg ons dink oor die tema of moontlikhede van die karakters se toekoms.

Kandidate mag die plot/intrige teëstaan deur die struktuur te bespreek as episodies. ʼn Episodiese struktuur word deur die volgende gekarakteriseer:

- Elke toneel het ʼn begin, middel en ʼn einde.
- Die struktuur kan of deur die handeling of deur die karakters aangedrewe wees. Hou in gedagte dat ʼn 'plek' beskou kan word as ʼn karakter indien dit die sentrale figuur in elke episode is.
- Indien die storie karakteraangedrewe is sal daar heel moontlik ten minste een karakter in elke episode opdaag, en word hierdie karakter gebruik as die stukrag in elke storie. (In die geval van Woza Albert, Percy en Mbongeni).
- Indien die storie plotgedrewe is, sal mens heel moontlik dieselfde karakter, plek of tema in elke storie teëkom, maar die stukrag sal die handeling in elke storie wees.
- Elke toneel/episode staan op sy eie. Party van die grappe maak staat daarop dat jy heelwat weet van die karakters vanuit vorige episodes en die hoofkarakter se doel word dikwels ontwikkel met verloop van tyd, maar as geheel staan elke episode alleen as ʼn individuele storie.

Kandidate mag teen die tradisionele argumenteer deur die informasie hierbo te gebruik.

KOSTUUM:

- Kostuums is outentiek
- Kostuums demonstreer die plek, sosio-politiese, kulkturele, tydsperiode, ouderdom, geslag ens karaktertrekke van die karakter

In *Woza Albert!*

- Akteurs dra slegs broeke
- Kostuums is verteenwoordigend
- Kostuums word gebruik om in verskillende karakters te verander in die stuk
- Daar is minimale gebruik van kostuums (8)

2.2

Onderwerp	10.12 Verhoogkonvensies 11.1 Realisme en Stanislavski 11.10 Gestroopte teater 12.5 SA Teater (1960-1994)					
Kognitiewe moeilikheidsvlak	Analisering					
Bevelswerkwoord	Verduidelik					
Verduideliking van bevelswerkwoord	Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur meer volledig te beskryf of feote en informasie te gee Gee `n rede om te regverdig of te verduidelik (`n aksie/handeling of gebeurtenis)					
Kompleksiteit van denkproses	Konseptueel					
Vlak van Kompleksiteit/Probleemoplossing	Gemiddeld					
Rubriektipe	Kort Spesifieke Antwoord					
Gewigstoekenning van punte	**Laag**	1–2	**Middel**	3–4	**Hoog**	5–-6

Kandidaat stem saam of verskil met die gegewe stelling. Alhoewel dit in die begin van *Woza Albert!* duidelik gestel word dat die akteurs, Mbongeni en Percy, aan ŉ streng akteursopleidingsmetode d.i. gestroopte teater tegnieke onderworpe was. Oorweeg die volgende:

Gee vol punte vir DRIE goedgemotiveerde redes.

In *Woza Albert!* is die volgende waar oor die toneelspel:

- Sy doel was om die skeiding tussen die akteur en die gehoor te elimineer en sodoende ŉ tipe gemeenskap tussen die twee te skep (die heilige gemeensaamheid [soos nagmaal])
- Akteurs tree tipies op met gehoorlede aan baie kante.
- Deelnemers het ook in en om die gehoorlede opgetree deur strategies tussen hulle geplaas te wees in die spasie.
- Die akteur en sy/haar vaardighede was die kern van alle Gestroopte Teater optredes.
- In sekere gevalle het die optredes geen rekwisiete gebruik nie, maar die akteurs is ook as rekwisiete ingespan.
- Akteuropleiding was intens en het oor lang periodes gestrek.
- Akteurs met egos het geen plek in Grotowski se teater gehad nie.
- Die doel was vir die toneelspel om outentiek te wees, ook soos Stanislavski se sisteem (maar meer fisies).
- Grotowski het ŉ variasie van Stanislavski se emosionele geheue-tegniek gebruik met sy eie akteurs. (6)

2.3

Onderwerp	10.12 Verhoogkonvensies 12.5 SA Teater (1960-1994)					
Kognitiewe moeilikheidsvlak	Evaluering					
Bevelswerkwoord	Evalueer					
Verduideliking van bevelswerkwoord	Bepaal, beoordeel, oorweeg die betekenis/belangrikheid, waarde, doel, toestand van iets deur noukeurige waardebepaling en studie om te verstaan, te interpreteer					
Kompleksiteit van denkproses	Metakognitief					
Vlak van Kompleksiteit/Probleemoplossing	Baie moeilik					
Rubriektipe	Kort Spesifieke Antwoord					
Gewigstoekenning van punte	**Laag**	1–2	**Middel**	3–4	**Hoog**	5–6

Kandidate se eie reaksie. Nasieners moet volgens diskresie merk.

Gee volpunte vir DRIE goedgemotiveerde redes met voorbeelde.

Die volgende kan die redes wees:

- Die episodiese aard van die toneelstuk kan verander
- Hulle sou dalk regte kostuums moet aantrek
- Daar sal te veel akteurs op die verhoog wees
- Die akteurs se vaardighede sal nie die utigedaag word tot die uiterste nie. (6)

2.4

Onderwerp	11.10 Gestroopte Teater 12.5 SA Teater (1960-1994) *Woza Albert!*					
Kognitiewe moeilikheidsvlak	Voorstel					
Bevelswerkwoord	Verduidelik, Beskryf					
Verduideliking van bevelswerkwoord	Maak iets duidelik, maklik om te verstaan deur meer volledig te beskryf of feite en informasie te gee Gee `n rede om te regverdig of te verduidelik (`n aksie/handeling van gebeurtenis) Gee, vertel, oorvertel, sê, beskryf, gee verduideliking aan gedetaileerde weergawe					
Kompleksiteit van denkproses	Konseptueel					
Vlak van Kompleksiteit/Probleemoplossing	Prosedure					
Rubriektipe	Kort Spesifieke Antwoord					
Gewigstoekenning van punte	**Laag**	1–2	**Middel**	3–4	**Hoog**	5–6

Gee volpunte vir DRIE betekenisse wat goed verduidelik is met voorbeelde en redes wat deur die kandidaat verskaf is.

Hierdie is ŉ paar van die motiverings van die betekenis van die term Gestroopte Teater (Arm Teater).

- Grotowski se speelarea was tiperend minimaal, met enkele rekwisiete en geen stel nie. Transformasie van voorwerpe was ŉ kernaspek van Gestroopte Teater.
- Na transformasie was voorwerpe dikwels simbolies en/of gelaai met betekenis
- Beligting het tipies die hele area belig met geen spesifieke kolligte of fokusareas nie
- Indien enigsins gebruik sou 'kostuums' anoniem wees, en glad nie dien om ŉ karakter te identifiseer tot karakterwees (soos in realisme) nie (6)

2.5

Onderwerp	10.12 Verhoogkonvensies 12.5 SA Teater (1960-1994) *Woza Albert*!					
Kognitiewe moeilikheidsvlak	Stel voor					
Bevelswerkwoord	Bespreek					
Verduideliking van bevelswerkwoord	Skryf in besonderhede oor die onderwerp, neem verskillende kwessies, idees of verwante menings in ag of oorweeg dit					
Kompleksiteit van denkproses	Metakognitief					
Vlak van Kompleksiteit/Probleemoplossing	Baie moeilik					
Rubriektipe	Uitgebreide saamgestelde antwoord					
Gewigstoekenning van punte	**Laag**	0–3	**Middel**	4–7	**Hoog**	8–10

Verwys na verhoogkonvensies van Gestroopte Teater. Neem die skoolomgewing in ag by die kandidaat se antwoord.

Gebruik die rubriek by **AANHANGSEL B.** (10)
[40]

OF

VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

3.1 3.1.1

Onderwerp	12.5 SA Teater (1960-1994)					
Kognitiewe moeilikheidsvlak	Onthou					
Bevelswerkwoord	Noem, Identifiseer en Selekteer					
Verduideliking van bevelswerkwoord	Spesifiseer tyd en plek soos verlang, Bewys wat of wie iemand of iets is. Kies versigtig, bepaal of besluit die mees geskikste					
Kompleksiteit van denkproses	Feitelik					
Vlak van Kompleksiteit/Probleemoplossing	Maklik					
Rubriektipe	Kort Spesifieke Antwoord					
Gewigstoekenning van punte	**Laag**	1	**Middel**	2	**Hoog**	3–4

Die karakter van Jakes stel die gehoor bekend aan die sosio-politiese agtergrond van die toneelstuk in ʼn monoloog. Die gehoor word dan voorgestel aan die karakter van Mingus en die skryf van ʼn liefdesbrief wat die tema van liefde kontrasteer met die konflik van die 'struggle' of stryd teen Apartheid. Die uiteensetting duur voort in toneel 2 waar ons vir Mamariti se Shebeen en die karakters van Lulu en Princess ontmoet. Die uiteensetting kom tot ʼn einde met die motoriese moment wanneer Ruth inkom. (4)

3.1.2

Onderwerp	10.12 Verhoogkonvensies 12.5 SA Teater (1960-1994)					
Kognitiewe moeilikheidsvlak	Skepping					
Bevelswerkwoord	Skep					
Verduideliking van bevelswerkwoord	Ontwikkel uit iemand se eie idees of verbeelding, as ʼn kunswerk, ʼn skepping of iets nuut. Rede vir die bestaan daarvan					
Kompleksiteit van denkproses	Metakognitief					
Vlak van Kompleksiteit/Probleemoplossing	Moeilik					
Rubriektipe	Kort Spesifieke Antwoord					
Gewigstoekenning van punte	**Laag**	1–2	**Middel**	3–4	**Hoog**	5–6

Gee punte vir kennis van die posisies op die verhoog asook die gebruik van beweging en beligting.

Die volgende is ʼn voorbeeld van ʼn moontlike antwoord:

Stroke lig verlig die akteurs wat oor die verhoog versprei is op verskillende vlakte met Jakes op middelverhoog. Hulle beweeg rond oor die verhoog terwyl hulle die openingslied sing. Die karakters beweeg na hul spesifieke plekke op die verhoog aan die einde van die lied om hulle karakters te vestig: Lulu na die skoolbank, Mamariti na die leunstoel, Mingus en Princess na die straatlig en Charlie by Mingus se voete. Jakes na die tikmasjien. Jake staan op en beweeg na die voorverhoog waar hy met die gehoor praat. Mingus sluit by hom aan tot toneel twee wanneer al die karakters belig word in Mamariti se huis. (6)

3.2

Onderwerp	12.5 SA Teater (1960–1994)					
Kognitiewe moeilikheidsvlak	Toepassing					
Bevelswerkwoord	Voorstel					
Verduideliking van bevelswerkwoord	Doel, argumenteer, demonstreer, wys dat iets bestaan of die geval is. Bied aan vir oorweging. Noem `n idee, moontlike antwoord of aksie vir ander mense om te oorweeg. Produseer `n idee in gedagte. Haal idee uit gedagte					
Kompleksiteit van denkproses	Konseptueel					
Vlak van Kompleksiteit/Probleemoplossing	Gemiddeld tot moeilik					
Rubriektipe	Kort Spesifieke Antwoord					
Gewisgtoekenning van punte	**Laag**	1–3	**Middel**	4–6	**Hoog**	7–8

Gee TWEE punte vir ’n antwoord wat goed verduidelik is en EEN punt vir ’n kort gestelde feit.

Mamariti:
(’n Gerespekteerde shebeeneienaar (shebeen queen) en moeder-figuur, die oudste in die huis en die leier in die huis)

- ’n Rok wat by haar ouderdom pas, vloeiend en lank
- ’n Doek op haar kop
- ’n Skouermanteltjie

Mingus:
(’n Bendeleier, ’n skollie, ’n modeslaaf met ’n duidelike voorliefde vir handelsname)

- Formele Bostoniaanse skoene
- ’n Hemp
- ’n Borsalino-hoed
- ’n Drie-stuk pak klere

Kandidate moet redes gee vir hul keuse van kostuum.

Gebruik rubriek in **AANHANGSEL A** (8)

3.3 3.3.1

Onderwerp	10.2 SA Teater 11.4 SA Teater 12.5 SA Teater (1960-1994)					
Kognitiewe moeilikheidsvlak	Evaluering					
Bevelswerkwoord	Evalueer					
